Goeiemôre

Ek sal graag wil weet waarvoor hierdie getal staan aan die einde. Jul is welkom om bietjie saam te dink: 7243615

Vanoggend kom ons aan die einde van die 7 weke as Sin soekers reeks. Ek wil net dankie sê vir elkeen van julle wat die afgelope 7 weke moeite gedoen het met God en met mekaar. Ek hoop dit was vir julle goed om saam die teks te lees, of om deel te wees van 'n groep. Ons droom is om hierdie volgende jaar verder te vat, nie deur 'n nuwe 7 weke reeks nie- maar deur hoe ons weekliks te werk wil gaan.

Op volgende jaar se jaarprogram (wat binnekort beskikbaar gaan wees) is daar by elke Sondag 'n teks. Dit is die teks waaroor daar dan die Sondag gepreek gaan word. Die teks is uitgekies deur die Revised Common Lectionary/ Sogenaamde leesrooster- en word deur Duisende kerke regoor die wêreld gebruik. Ons bure Lorraine gebruik dit. Dit gee vir jou die geleentheid om elke week te weet wat kom. Jy kan dus al voor Sondag die teks begin lees. En saam dink, saam droom. Daar bestaan ook dus 'n groot kans dat indien jy daardie Sondag na 'n ander gemeente gaan- of aanlyn luister, dat jy dalk ook dieselfde teks sal lees.

Ons wil graag inskakel by God se aktiwiteit in die wêreld.

Pat Keyford het eenkeer gesê, die een groot vraag wat ons elkeen elke dag vir ons moet vra is:

What is God up to? Waarmee is God nou besig?

'n Sinsoeker is nuuskierig oor waarmee God besig is in die wêreld.

Een van die maniere om te sien waarmee God besig is, is om die koerant te lees. Maar soms moet mens mooi kyk. Dinsdagoggend sit ek lees ek Die Burger koerant. Ek lees toe die een rubriek waar hulle die nuusberigte van jare gelede bespreek.

Lees die Koerant van 23 November 1971.  50 jaar gelede. Lees saam met my:

Daar is natuurlik die verhale soos

- Uitenhage se swemklub wat interklub liga teen Oudtshoorn gewen het.
- En die Kaap Recife wat in 'n natuurreservaat omskep gaan word.

Maar wat my wel getref het, diep geraak het is die ander twee verhale. Dit lees as volg:

Red onbekende:

'n Man met 'n af arm het gister op Port-Elizabeth se hoofstasie uit 'n bewegende trein geval en tussen die trein se wiele en die perron beland. Net die blitsige optrede van twee omstanders het hom van 'n gewese dood gered. Mnr P. Smith, 'n amptenaar in diens van die Spoorweë, was saam met 'n vriend op die stasie, waar hulle familie op die trein gaan groet het. Op die platvormpie tussen twee waens het 'n jong man gestaan wat van mense afskeid geneem het. Die hekkie van die platform was oop. Toe die trein begin loop, het die man sy balans verloor. Hy het tussen die trein en die perron beland. Hy het na die trein gegryp, maar sy houvas verloor. Mnr. Smith en twee ander mense het onmiddellik nader gestorm en die vreemdeling teen die kant van die perron vasgedruk om te sorg dat hy nie onder die wiele van die trein beland nie.

Eis eerste lewe:

‘n Blanke van Uitenhage, Mnr HA Kleinhans (50), het vroeg vandag van die nuwe Van Stadensrivierbrug afgeval. Hy het homself te pletter geval. Hy was die eerste persoon wat van die brug afgeval het. Die brug, wat die ou Van Stradenspas op die nasionale pad tussen Humansdorp en Port Elizabeth uitgeskakel het, is maar vyf weke gelede vir die eerste keer vir verkeer oopgestel. Mnr Kleinhans, wie se adres as Mitchellstraat, Uitenhage, aangegee is, het ‘n nota in sy baadjie gelaat. Volgens die Polisie was daarop geskryf: “Die gedagte van Kanker is te veel…..”

Die gedagte van Kanker was is te veel….

50 jaar terug- soek mense sin… Deur betrokke te raak by ‘n swemklub- ‘n natuurreservaat te omskep- ‘n man in nood te help op die stasie- of op so donker plek dat die kanker net te veel raak…. Die terrein waarop ons beweeg, is steeds ongekaart..

Ek dink sommer dit is 7 roetemerkers op hierdie reis.

1. Ontnugter- Jona 4 (Ontnugter deur God se genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde vir alle mense)
2. Onvermydelik- Matteus 13 (Om die paradokse en die kompleksiteit van die lewe te omhels)- Koring en onkruid
3. Ontdek- Matteus 5 (Om God dieper te kyk, om God te herontdek om die lewe in die oortreffende trap te beleef)
4. Onderskei- Fil. 1 (Ons groei in ons liefde, begrip en fyn aanvoeling vir God en mekaar)
5. Onderonsie- Hand 15 (Ons het mekaar nodig, daarom praat ons voor mekaar en nie oor mekaar nie)
6. Omsluit- Psalm 139 (God weet, God Ken. Ons kan sonder maskers leef)
7. Ontwrig- Lukas 10

Ons het ‘n baie groot sin krisIs in hierdie wêreld. Die krisIs word egter keer op keer net groter deurdat die mensdom dink dat hulle self sin moet skep. En hoe haastiger of hoe vinniger om sin te wil skep, hoe meer mors ons op, en hoe meer besef ons, ons kan nie werklik nie. Dalk is dit beginpunt, vir ons om te onthou, dat ons nie sin kan skep nie, maar sin moet ontvang. Die sin in die lewe moet aan ons geopenbaar word. Dit kom van God af, nie vanaf onsself nie.

Ons het vanoggend klaar koerant gelees, dalk is dit nou tyd om Bybel te lees. Ons lees vanoggend saam vanuit Lukas 10:1-20. My een Prof. het altyd ons daarop gelet, dat die Bybel teks twee verskillende goed met/aan jou kan doen. Dit kan jou bevestig, of dit kan jou ontwrig. Bevestig i.t.v. dit versterk wat jy alreeds weet. Dit skep ’n goeie lekker gevoel by jou. Of dit kan jou ontwrig,

Ek lees verlede week van ‘n NG Kerk wat ‘n paar jaar gelede ‘n proses begin het waar hul krities nagedink het oor hul sending in die wêreld. Hul het begin nadink en was op soek na ’n 10 punt plan vir uitreik. En ook ‘n plan vir hul uitreik maand. Hul was op soek na ‘n strategie wat hulle kon volg. Die dominee van daardie tyd, het dit egter nie vir hulle gegee nie, maar liewer vir hulle Lukas 10:1-20 gegee. En vir hul gesê, elke keer as julle wonder, oor hoekom, of hoe, of waar- gaan lees maar net weer Lukas 10. Ek dink dit is die wonder van die teks, dat hierdie verhaal vir ons vanoggend, na die afgelope paar jaar iets anders beteken as voorheen en dalk as ons dit volgende week, of volgende maand, of volgende jaar weer lees- het dit weereens gegroei in betekenis.

En so lees ek hierdie afgelope paar weke Lukas 10,

In my lees hierdie week was dit vir my moeilik om vêrder as vers 1 te lees. Want ek glo nie mens moet te vinnig lees nie:

1. Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan.

72: Die 72, wat dalk vir ons na 'n vreemde getal klink, is simbolies van die volk wat in daardie tyd (volgens Genesis) geglo het dat die aarde bestaan uit 72 nasies. So as die Here 72 aanwys, dan wys hy een persoon vir elk van die 72 Nasies aan. So dit is belangrik om te let dat hier persone vir almal en vir oral uitgestuur word. Na die donkerste uithoeke van die wêreld. Die Here wat 'n hart het om vir elke mens, in elke land te bereik.

Die Here het aangewys: Dis is mooi dat vers 1 begin met die Here se aksie. Dit is die Here wat hulle aanwys. Nie hulle wat hulself aanwys nie. Nie hulle wat eendag besluit het hulle is nou lus om iets te doen nie. Nee, dit is die Here wat in hule hare werk. Nie hul eie titel, werk, gawes of talente nie- nee dit is die Here. Dit is hy wat aanwys, dit is hy wat stuur….

En hy weet goed hoe ontwrigtend/moeilik/ongemaklik daardie eerste paar tree is, en daarom stuur hy hulle

TWEE-Twee: Om nie alleen die taak aanpak nie. Een van die grootste geskenke wat die Here vir ons gegee het, sit langsaan ons. Die Here het ons vir mekaar gegee. Twee is beter as een. Ons hoef nie alleen sin te soek nie, ons kan saam soek. Ons hoef nie alleen te verkondig nie, ons kan dit saam doen.

En die Here het hul twee twee voor Hom gestuur…

Gestuur: Baie meer uitdagend as wat ek net wag, want iemand kom na my toe. Jesus se koms na ons toe (wat ons veral hierdie tyd van die jaar herdenk) is wonderlik, maar dit vra net dat jy ontvang. Die stuur, die uitgaan- dit is die moeilike uitdagende ding. Dit is amper asof ons somtyds dink, wanneer ek uitgaan- wanneer ek soontoe beweeg, dan is God minder by my as wanneer ek hier by myself sit.

Waarheen hy van plan was om te gaan: Ons is God se verteenwoordigers. Eintlik is vanoggend 'n uit stuur diens vir die week.

En hierdie uitstuur is eintlik baie ironies. Want dit is nie asof ek vir Christus in die wêreld indra nie. Ek bring nie vir Christus in die wêreld nie, Christus bring eintlik vir my in die wêreld. Ek dra nie vir God nie, God dra vir my… Dit is 'n wonderlike oomblik wanneer jy in jou lewe God se uitreik na jou, en jou uitreik na mene, wat jy God in die wêreld ontdek.

En ek dink hierdie einste deel van die sin, waarheen hy van plan was om te gaan, is juis dit wat my so roer-inspireer.

Wat ek glo was dat God van plan was om hierdie Kerstyd die bejaardes in die omgewing te besoek- te vertel van sy teenwoordigheid- maar toe roer hy iemand se hart wat staan onder 'n boom buite Woolworths by Sunridge Inkopiesentrum- die persoon haal die kaartjie af- koop vir die bejaarde iets- en so kry die bejaarde daardie pakkie omgee liefde.

God wou graag more vir Hoërskool Framesby of Laerskool Sunridge of al die skole in die Stad besoek. Maar toe stuur hy die onderwysers/hoofde/afrigters en ander personeel om dit te doen.

Waarheen Hy van plan was om te gaan. Eintlik is vanoggend, die laaste Sondag in November, 'n uitstuur diens vir Desember.

En so kan ons baie vanoggend dink en wonder, want wat word tog nou van die kerk in Desember? Sekerlik gaan die mense in die kerkgebou nie meer word nie? Die paaie word besiger en die winkelsentrums word voller. In my gedagtes- is ek egter nie bekommerd nie. Want as ons nou in die voorportaal 'n kaart moes neersit vanwaar hierdie gemeente beweeg oor die volgende paar weke, dan maak dit my opgewonde. Want eintlik is Desembermaand, ons uitreik maand. Want soos Jo Black so mooi sing, ons is gemaak om uit te gaan.

Want daar is dalk 'n familie wat God wil besoek en dan gaan die Here hul besoek deur oupa en Ouma. Deur hoe oupa en Ouma/ Pappa en Mamma/ Daardie oom/Tannie Kersfees hou, gaan die familie sien en hoor dat dit oor meer as net geskenke en Kersvader gaan. Daar is 'n honger en 'n dors na sin in ons elkeen se families, strate, gemeenskappe.

Iewers gaan die gesinsmotor stop om brandstof in te gooi en dan hoop ek dat Pappa of Mamma die persoon wat die petrol ingooi so mooi hanteer, dat daardie persoon iets van God se liefde beleef..

Iewers ten spyte van die groot oujaarspartytjies, gaan mense sien, dat in my lewe, kan ek nie 2022 ingaan sonder die teenwoordigheid van die Here nie...

En so stuur die Here ons, om te gaan- waar Hy ook gaan. Ons moet net reg wees om tot aksie oor te spring wanneer ons uitvind- waarmee God nou besig is. Die Here stuur ons om die sin wat God vir ons in die lewe gegee het, ook vir ander te gaan gee deur ons aksies.

Ek wil graag vanoggend saamvat, deur weer die getuienis vir my bietjie meer persoonlik te maak...

So vanoggend gesels ons oor Ontwrig....Sin soekers is ook skoorsoekers. 'n Skoorsoekers is iemand wat dwars is. Iemand wat uitdaag. Wat die moeilike vrae vra. Wat nie net altyd 'n maklike goedkoop antwoord aanvaar nie. So is sin soekers ook mense wat ander uitdaag en soms druk om beter weergawes van hulself te word. En ontwrig is eintlik om ongemaklik te wees. Die ontwrigting gebeur eers hier binne jouself en afhangend van hoe jy dit verwerk bepaal of jy ander gaan ontwrig of nie.

As jy nou by jouself moet dink en dalk bely dat jy nog nooit ontwrig was nie. Ek kan nie onthou wanneer die lewe my boksie geskud het nie, dan is ek baie bly vir jou. My eie getuienis sal wees- dat my 2021 ook ontwrig was.

Want die Here het al vanaf Maart hierdie ding op my geplaas dat ek hier by Kragga Kamma gemeente moet wees. En so einde Julie trek en ek en my vrou. En soos julle sal weet, om te trek is ontwrigtend. Om 8 ure weg te trek van enige Familie en vriende af, is nog meer ontwrigtend. Om in die middel van 'n pandemie en inperking te trek is ook ontwrigtend. Om by 'n nuwe werk te begin is ook ontwrigtend, om weer te begin bou is ontwrigtend. Maar deur al die ontwrigting, is my getuienis vanoggend- dat in so lewende situasie besef jy dalk jy nie altyd dat jy nie veel meer as God nodig het nie. Want jy word gedwing om aan Hom vas te hou, of jy word gedwing om te besef dat die Here jou vashou. En ek is nie geroep om die Here na julle te bring nie, ek is eintlik hier omdat die Here my tot hier gebring het...

En sommige dae staan jy op- en al wat jy sien is hierdie deurmekaar syfers, wat vreemd en onbekend lyk en glad nie logies sin maak nie...

En nou wonder julle seker oor die syfers: Ek neem aan daar is van julle wat nog heeloggend wonder, wat beteken die getal. Enige teorie? 7243615. Is dit hoe Desember 2021 gaan lyk....

Ek dink somtyds skommel die lewe die kaarte- en ons weet nie wat kom of wat gaan nie. Al wat ek wel weet, as ons kophou, as ons onthou wie God is, wie hy ons gemaak het om te wees t.s.v. die ontwrigting, omwenteling- dan kom ons later by die sin uit wat hy vir ons gee.

En dan word ons in staat om mooi te luister, mooi te kyk, in te prop by wie ons waarlik is. En dan begin ons saam met die Here ons lewe te orden

1- Saam met die een God wat ons aanbid....
2- Wat ons beide ontmoet waar ons is, maar ons ook uitstuur saam met ander.
3- Deur sy drie-enige God, Jesus se voorbeeld en die Heilige gees wat ook by ons daar is
4- En ja ons is gestuur...Gemaak om uit te gaan. Na al die Noord, Oos, Suid en Wes uithoeke van die aarde
5- Waar ons met oop hande, soms leë hande, in eenvoud by mense aankom en hul aanraak deur ons menswees
6- En soms met twee hande, meer doen as wat verwag word van ons. Iemand letterlik van die treinspoor af red, of 'n pad stap as kanker jou oorweldig
7- En dan kom jy by die heelheid/ die volheid, die mooi. Die mooi waar jy kan besef, hier is ek nou saam met die Here besig.

Dit wat ons ook in die teks lees in Vers 17.

Ons weet nie wat het gebeur tussen vers 16 en 17 nie, maar in Vers 17 leees ons, die Twee en sewentig het vol blydskap teruggekom en gesê: Selfs, die bose geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor van u naam.

What is God UP to?

Gebed: